# Hoofstuk 18
# GPS vir die lewe

## Luister en Praat
### Aktiwiteit 18.1: Kom ons gesels

In hierdie aktiwiteit gaan leerders in groepies van ongeveer vier elk verdeel. Hulle bestudeer die prente in die Leerdersboek op bl. 194 en die bygaande dialoog en neem dan deel aan ’n groepbespreking. Deurgaans moet hulle taal in konteks hanteer. Hierdie aktiwiteit dien as basis vir die tema van die hoofstuk. Die vrae wat op die dialoog volg, word mondelings beantwoord.

Lei die aktiwiteit in deur te gesels oor:

- hoe ’n GPS werk,
- watter nut dit vir motorbestuurders het, en
- ervaring met hardkoppige mense wat nie rigting vra nie.

**Moontlike antwoorde**

18.1.1 Watter soortgelyke probleem het die paartjies by A en B?
*Hulle het verdwaal.*
18.1.2 Waarom dink jy bevind hulle hulself in hierdie situasie?
*Die man weier om rigting te vra/te erken dat hy nie die pad ken nie.*
18.1.3 Waarom kan ons sê dat mans in hierdie twee sketse gestereotipeer word?
*Dit stel alle mans voor as hardkoppig; te trots om rigting te vra.*
18.1.4 Weet jy waarvoor staan die afkorting GPS?
*Globale Posisioneringstelsel*

### Aktiwiteit 18.2 Hersien die aspekte van ’n formele bespreking

Hierdie oefening is onvoorbereid en die onderwerp is: ***Kan ’n mens moderne tegnologie soos ’n GPS vertrou om jou lewe makliker te maak?***

Laat 10 minute toe nadat die ysbreker oor die prente en gepaardgaande stereotipering gedoen is, sodat die leerders hul gedagtes kan orden en vlugtig die drie aspekte van belang by so ’n informele gesprek kan deurlees.
Die res van die periode sowel as die volgende periode kan afgestaan word aan hierdie aktiwiteit. Leerders praat in hul groepies (2 minute maksimum).
Maak seker dat die leerders die volgende onthou:

| | | |
|---|---|---|
| • Sê presies wat die onderwerp is, en hoe die gesprek moet verloop. Leerders moet weet die formaat is ’n informele gesprek. Dis nie ’n toespraak of argumentering oor die onderwerp nie. | • Dui aan dat hóé ’n mens iets sê, bepaal hoe ander mense luister na wat jy sê.<br>• In enige gesprek is dit belangrik dat ’n mens sal onthou om: natuurlik, duidelik en hoorbaar te praat; dat | • Kritiese taalbewustheid behels ’n deeglike woordeskat en kreatiewe taalgebruik.<br>• Manipulasie van taal sal die gewenste reaksie by die gehoor uitlok. In enige gesprek moet ons baie bewus wees van en |

| | | |
|---|---|---|
| • Gee voorbeelde van hoe die leerder die gesprek moet inlei, bv. ’n aanhaling, ’n retoriese vraag of uitroep.<br>• Dui aan hoeveel inhoud die gesprekke moet hê, bv. drie feite per leerder. Verduidelik dat elke feit uitgebrei moet word .<br>• Verduidelik dat die leerder ’n bietjie uit die boks moet dink om indruk te maak.<br>• Dui aan dat die slot net so belangrik soos die openingsin is. | jou gespreksgenote en die konteks sal bepaal watter styl en register jy gaan gebruik; dat oogkontak en gepaste lyftaal enige gesprek ondersteun.<br>• Dis nie natuurlik om ’n gesprek af te lees nie. | sensitief wees vir die versigtige aanwending van taal, veral as dit oor kulturele aangeleenthede handel. |

## Skryf en Aanbied

### Aktiwiteit 18.3: Maak ’n opsomming

Vra leerders om die sewe hoofgedagtes neer te skryf.
Daarna herskryf hulle elke sin deur bv. sinonieme te gebruik. Ten slotte moet hulle die woorde tel om seker te maak dat daar nie meer as 70 woorde is nie. Die finale teks word dan geskryf.

Moontlike opsomming:
1. Cell C organiseer die projek.
2. Meer as 520 maatskappye neem reeds deel aan hierdie projek
3. Meisies word jaarliks gedurende Junie uitgenooi.
4. Graad 11- en 12-meisies is die projek se fokuspunt.
5. Ongeveer 50 000 leerders neem jaarliks aan die projek deel.
6. Die doel van die projek is om meisies aan loopbaangeleenthede bloot te stel.
7. As maatskappye meisies wil ontvang, moet hulle daarvoor registreer.

Getal woorde: 62

## Taalstrukture en -konvensies
Hersien tipiese taalvrae oor ’n advertensie, ’n strokiesprent en ’n gewone prent

### Aktiwiteit 18.4: Advertensie
Maak seker leerders verstaan die volgende konsepte en hulle kan dit in enige advertensie identifiseer:
- die produk/diens wat geadverteer word,
- die teikenmark,
- verskillende lettertipes en -groottes en die doel daarvan,
- die ABBA-beginsel in ’n advertensie en hoe om dit te identifiseer,

- wat manipulerende taal is,
- voorbeelde van tipiese advertensietaal, bv. intensiewe vorme, vergelykings, rym, beskrywende woorde, gevoelswaarde van woorde, jy/jou in plaas van u, denotasie en konnotasie, en
- simboliek en kleur.

**Aktiwiteit 18.5: Strokiesprente**

Maak seker dat leerders die volgende aspekte onder die knie het:

- omskrywing van liggaamstaal en gesigsuitdrukkings,
- die betekenis van vetgedrukte woorde/hoofletters in strokiesprente,
- die verskillende tipes praatborrels,
- hoe beweging/vloekwoorde, ens. aangedui word, en
- omskrywing van uitroepe.

**Aktiwiteit 18.6: Taalvrae na aanleiding van ’n prent**

**Moontlike antwoorde:**

18.6.1 kelner
18.6.2 fooitjie
18.6.3 nagereg; versadig
18.6.4 spyskaart
TOTAAL: 5

**Lees en Kyk**

**Aktiwiteit 18.7: Bestudeer ’n dramateks**

18.7.1 In die eerste spreekbeurt kry ons die een ruimte van hierdie drama, nl. die bos. Noem nou die ander ruimte (1) [DV1]
*Skoolruimte/Ouma se huis*
18.7.2.1 In watter ruimte word Poenk: gekonfronteer met die realiteit van sy probleme? (1) [DV2]
*skoolruimte*
18.7.2.2 In watter ruimte word Poenk: vrygemaak van sy seer? (1) [DV2]
*bosruimte*
18.7.3 Noem die twee hoofkarakters in hierdie drama. (2) [DV1]
*Poenk (1) en Nadia (1)*
18.7.4 Skryf nou ’n kort paragraaf waarin jy motiveer waarom jy die karakters by vraag 3 die hoofkarakters van die drama noem. (3) [DV2]
*Poenk en Nadia speel ŉ belangrike rol in hierdie drama. Hulle is betrokke by die meeste of die belangrikste konflikte. Ons leer hierdie twee karakters die beste ken. Hulle is dan ook die karakters wat die meeste groei toon en ons kan sê hulle is ronde karakters. (Enige DRIE feite)*
18.7.5 Watter rol speel Joy in hierdie uittreksel? (1) [DV3]
*Sy is ’n gedeeltelike verteller.*
18.7.6 Kyk na die eerste spreekbeurt en sê dan wat die funksie van die skuinsgedrukte woorde is. (1) [DV3]
*Dit dui aan in wie se rigting die karakters moet kyk as hulle praat/gee aanduidings oor*

*hoe die karakter sekere woorde moet sê.*
18.7.7 Waarom bly Nadia by haar ouma? (2) [DV2]
*Haar ma neem vir Nadia kwalik dat hulle lewens so deurmekaar is. (1) Sy wil ruimte hê om Nadia se misstap te verwerk. (1)*
18.7.8 Waarom noem Nadia haar haar ma se yskaskind? (1) [DV3]
*Dis na aanleiding van die plaknotas en die geld wat Nadia se ma altyd vir haar op die yskas geplak het, m.a.w. sy het Nadia emosioneel verwaarloos.*
18.7.9 ’n Motief is ’n element wat regdeur die drama gebruik word en soms simboliese waarde kry. Kies nou uit Kolom B die simboliese waarde van die motief in Kolom A. Skryf net die vraagnommer en die letter neer. (4) [DV3]

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 18.7.9.1 | sprokies | D | Poenk wat sy goue bal aan die padda gee. |
| 18.7.9.2 | klippe | E | Dis simbolies van die swaarkry van karakters in die drama. |
| 18.7.9.3 | bos | B | Waar die onmoontlike moontlik word. |
| 18.7.9.4 | glasskerf | C | Die helende instrument wat vir Nadia regop hou as sy moeilike tye beleef. |

18.7.10 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde wat ontbreek uit die raampie hieronder te kies. Elke woord mag slegs een keer gebruik word. Skryf net die vraagnommer en die woord neer wat uitgelaat is. (3) [DV3]
18.7.10.1 In hierdie drama speel Gervan die rol van die ... *antagonis*
18.7.10.2 Hy ...*boelie*... vir Poenk.
18.7.10.3 Hy maak vir Poenk baie bewus van sy ... *armoede*
18.7.11 Dink jy dis regverdig dat Nadia vir haar ma die skuld gee vir die dinge wat met haar en Armand in Johannesburg gebeur het? Motiveer jou antwoord. (2) [DV4]
*Nee. As jy aanhou om ander te blameer, ontneem jy jou die geleentheid om te verander.(1)*
*Dit was Nadia se besluit om toe te geen aan Armand se eise. (1)* OF *Ja. Haar ma het haar emosioneel verwaarloos.(1) Sy het net stories/geld nagejaag. (1)*
18.7.12 Nadia noem in die uittreksel dat haar ma nie daarvan sal hou as sy agter seuns aanloop nie. Sou jy sê Nadia se ma is outyds en onnodig streng? Motiveer jou antwoord. (2) [DV4]
*Ja. Dit is seksisties (1) om sekere rolle in verhoudings aan net seuns of net meisies toe te ken. (1)* OF *Nee. Nadia het haar ma een keer teleurgestel (1) en sy kan dit weer doen. (1)*
8.7.13 Noem een insident in die drama wat jou emosioneel geraak het. (1) [DV5]
*Ek was ontsteld toe ek lees hoe Gervan vir Poenk in die klas met papiere gooi en dan raas die onderwyser met Poenk. (Of iets soortgelyk)*
Totaal 25

**Aktiwiteit 18.8: Teken ’n kopkaart vir ’n opstel**
Verduidelik weer kortliks die stappe van prosesskryf
Lees saam met die leerders die dinge waarvoor hulle moet oplet by die skryf van hierdie tipe opstel, soos dit in die Leerdersboek op bl. 201 verskyn.

Leerders kan hul eie kopkaart of die hamburgerkopkaart teken.